Tussentydse verslag

Opsomming van die nagegane resultate van die Media24-groep
vir die ses maande tot 30 September 2014

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
("Media24")

Oor die afgelope ses maande het Media24 sy investering in sleutel-groeigebiede – veral in e-handel, digitale inisiatiewe en uitbreidingsprojekte in die res van Afrika – versnel. Ons drukmedia-afdelings ervaar steeds moeilike handelstoestande weens die verswakkende ekonomie en strukturele veranderings in die mediabedryf. Digitale gehore het eksponensieel gegroei, maar sirkulasie was onder druk en advertensies, steeds ons grootste bron van inkomste, het afgeneem aangesien adverteerders hul bemarkingsbesteding verklein of besteding gediversifiseer het. Die voortgesette staking by die Suid-Afrikaanse Poskantoor het dienslewering aan *Leserskring*-klante en tydskrifintekenare negatief geraak.

BEDRYWIGHEDE

Paarl Media het bevredigende vordering gemaak met die diversifisering van sy drukwerksaamhede in Suid-Afrika en het sy Afrika-voetspoor met nuwe kommersiële kontrakte uitgebrei. Correll Tissue is met ingang 1 Junie 2014 verkry om vervaardigingskapasiteit in die papierbedryf te versterk.

Hoewel ons nuusafdeling kostebeheermaatreëls ingestel en intekenaarverkope gestabiliseer het, het advertensie-inkomste gedaal en kleinhandelsirkulasie afgeplat. Ons koerante bly invloedryk en bepaal steeds die nuusagenda in Suid-Afrika – *Beeld* het die derde plek in Media Tenor se geloofwaardigheidsopname behaal en *City Press* het sy tweede plek behou. Digitale nuusgehore toon sterk groei en die nuwe Afrikaanse digitale nuusplatform, *Netwerk24*, is goed deur die mark ontvang.

Tydskrifte het sy leiersposisie (53%) onder die top-vyf uitgewers in Suid-Afrika behou en agt uit tien tydskriflesers lees 'n titel uit ons stal. Die afdeling het voordeel getrek uit tydige doeltreffendheidsinisiatiewe om gedempte omsetgroei teen te werk, sterk vertonings deur sy weekblaaie en geassosieerde uitgewers, en nuwe inkomstegeleenthede gekoppel aan sy kragtige handelsmerke. *Huisgenoot, YOU* en *DRUM* het die internasionale Days of the Dinosaur-uitstalling in Suid-Afrika aangebied en die wêreldrekord vir kaartjieverkope oortref. Sowat 64% van gebruikers besoek Tydskrifte se digitale platforms via mobiele toestelle.

In Afrika bereik 24.com nou meer as 3m gebruikers (+35% jaar tot jaar) en 8m bladlese (+22% jaar tot jaar) per dag – die meeste gebruikers besoek die uitgewersnetwerk via die mobiele web en toeps (apps). *News24 isiZulu* het sy bladlese verdubbel, en die 2014-verkiesingstoep het 'n rekord van 22m bladlese vir een enkele dag behaal – dit verstewig *News24.com* se posisie as die voorste digitale uitgewer op die vasteland. *News24 Nigeria* toon ook sterk groei en is nou die versteknuuskanaal op Opera-blaaiers in die streek. Ons aanlynwerwing-onderneming, *Careers24*, oortref steeds sy teikens en sleutelaanwysers toon groei ondanks sterk mededinging in die mark.

Media24 se e-modebesigheid, *Spree*, het sy leiersposisie in die plaaslike mark vir aanlynmode versterk. Twee nuwe kategorieë, mansklere en skoonheid, is in April bekend gestel en 'n eksklusiewe kontrak is met Next – Brittanje se voorste aanlynkleinhandelaar in klerasie – gesluit om sy klere en bykomstighede in Suid-Afrika te verkoop. *Efinity*, ons e-handelsdiensteplatform gemik op klein en mediumgroot ondernemings, is in Augustus bekendgestel.

Ons boekuitgewers het 'n strawwe halfjaar agter die rug, hoofsaaklik weens trae handelsverkope. Via Afrika het goed gevaar – hoewel teen laer vlakke as die vorige jaar weens die finalisering van die KABV-skoolkurrikulum (Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring) in 2013. Jonathan Ball Publishers het by 'n sterk publikasielys gebaat en goeie groei in e-boekverkope behaal.

Ons verspreidingsmaatskappy, On the Dot, het hom verder herposisioneer as 'n voorloper in pakhuisdienste en vervulling vir e-handel. Ons het kapasiteit vergroot met 'n nuwe pakhuis in Kaapstad, meer kleinhandelskliënte gewerf en ons netwerk vir selfdedag-aflewering in Gauteng en die Wes-Kaap verder uitgebrei. Die medialogistiek-onderneming het moeilike handelstoestande ervaar weens verdere dalings in drukvolumes van sowel Media24-publikasies as eksterne kliënte.

Ons finansiële datadienste-onderneming, INET BFA, het volgens verwagtings presteer. Opgradering van iNet Bridge se vloerverhandelingsplatform wat deur die meeste batebestuurders in Suid-Afrika gebruik word, vorder goed. Verrykte weergawes van ons Afrika-navorsingsproduk, *INET Expert*, en globale kapitaalmarkproduk, *Fronteer Plus*, is goed deur die mark ontvang. INET BFA het ook na Nigerië uitgebrei.

DIREKSIE

Prof Russel Botman is op 28 Junie 2014 oorlede. Hy het 'n waardevolle bydrae tot die direksie gelewer en word opreg deur sy mede-direkteure gemis.

FINANSIËLE OORSIG

Gekonsolideerde omset van R4mjd vir die periode was gelykstaande aan dié van die vorige jaar. Druk-inkomste het gestyg, gedryf deur nuwe verkrygings, maar advertensie-inkomste het 'n jaar-tot-jaar daling van 8% getoon en boekverkope het met 30% afgeneem – hoofsaaklik weens laer skoolboekbestellings, soos verwag is. Ons e-handels- en finansiële datadienste-ondernemings het goeie omsette gelewer.

Handelswins het met 62% gedaal teenoor die vorige jaar, hoofsaaklik weens 'n hoër belegging van R71m in nuwe groeigeleenthede, hoër insetkoste as gevolg van die verswakking van die rand, en die impak van laer inkomste uit ons tradisionele drukmedia-afdelings. Kernwesensverdienste het die periode op 'n verlies van R51m afgesluit. 'n Aantal inisiatiewe is onderweg om bedryfskoste oor kernbesigheidsfunksies te verminder.

Sekere van Media24 se sakebedrywighede is seisoenaal van aard en die halfjaar-resultate is nie noodwendig 'n aanduiding van die voljaar-resultate nie.

Dividende van R144,8m is op 4 September 2014 aan aandeelhouers betaal.

AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die gekonsolideerde finansiële inligting vir die halfjaar geëindig 30 September 2014 is opgestel ooreenkomstig IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*.

Die rekeningkundige beleid wat vir die tussentydse resultate gebruik is, strook met dié van die vorige finansiële state en met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS).

Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Die resultate vir die tydperk tot 30 September 2014 is deur die maatskappy se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Geïnk., nagegaan en 'n kopie van hul ongekwalifiseerde verslag is op aanvraag gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar en ook op die maatskappy se webwerf. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

Die tussentydse verslag is onder toesig van die groep- finansiële hoof, Abduraghman (Manie) Mayman GR(SA), opgestel.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
25 November 2014

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), S S de Swardt, J C Held, L N Jonker, G M Landman, A Mayman, D Meyer, S J Z Pacak, N P van Heerden, E Weideman, H S S Willemse

Maatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196
(Posbus 1266, Bramley 2018)

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN WINS OF VERLIES	Ses maande geëindig 30 September 2014 Nagegaan R'm	Ses maande geëindig 30 September 2013 Nagegaan R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Omset	**3 965**	3 951	8 171
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(2 792)**	(2 691)	(5 488)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(1 085)**	(1 022)	(2 175)
Ander (verliese)/winste	**(3)**	(5)	85
Bedryfswins	**85**	233	593
Rente ontvang	**9**	6	16
Rente betaal	**(55)**	(31)	(81)
Ander finansieringskoste – netto	**(14)**	(10)	(25)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(1)**	–	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**19**	17	28
Winste/(verliese) met verkrygings en verkope	**–**	88	78
Wins voor belasting	**43**	303	607
Belasting	**(96)**	(113)	(241)
(Verlies)/wins vir die tydperk	**(53)**	190	366
Toeskryfbaar aan:			
Aandeelhouers van die groep	**(76)**	159	288
Nie-beherende belang	**23**	31	78
	(53)	190	366
Kernwesens(verlies)/-verdienste vir die tydperk	**(51)**	100	142
Wesens(verlies)/-verdienste vir die tydperk	**(70)**	76	255

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSWINS NA HANDELSWINS	Ses maande geëindig 30 September 2014 Nagegaan R'm	Ses maande geëindig 30 September 2013 Nagegaan R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Bedryfswins	**85**	233	593
Amortisasie van ontasbare bates	**4**	4	11
Ander verliese/(winste)	**3**	5	(85)
Handelswins	**92**	242	519

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN VERANDERINGS IN EKWITEIT	Ses maande geëindig 30 September 2014 Nagegaan R'm	Ses maande geëindig 30 September 2013 Nagegaan R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Saldo aan begin van die tydperk	**2 335**	2 123	2 123
(Verlies)/wins vir die tydperk	**(76)**	159	288
Totale ander omvattende inkomste, ná belasting, vir die tydperk	**3**	20	4
Kontantvloeiskanse	**2**	14	–
Beweging in ander reserwes	**1**	10	4
Belasting op ander omvattende inkomste	**–**	(4)	–
Veranderings in ander reserwes	**(144)**	(141)	(135)
Beweging in aandeelgebaseerde-vergoedingsreserwe	**1**	1	2
Beweging in ander reserwes	**–**	–	5
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(145)**	(142)	(142)
Veranderings in nie-beherende belang	**8**	32	55
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	**23**	32	78
Dividende betaal aan nie-beherende belanghebbendes	**(15)**	(5)	(23)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	**–**	5	–
Saldo aan einde van die tydperk	**2 126**	2 193	2 335
Bestaande uit:			
Aandelekapitaal en -premie	**4 867**	4 867	4 867
Behoue verdienste	**(135)**	1 442	88
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**64**	53	63
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(4 046)**	(4 442)	(4 048)
Kapitaalbydrae	**1 077**	–	1 077
Verskansingsreserwe	**1**	9	(1)
Aktuariële hermetingsreserwe	**1**	–	1
Valuta-omrekeningsreserwe	**19**	17	18
Nie-beherende belang	**278**	247	270
Totaal	**2 126**	2 193	2 335

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE	30 September 2014 Nagegaan R'm	30 September 2013 Nagegaan R'm	31 Maart 2014 Geoudit R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates	**3 546**	3 275	3 378
Bedryfsbates	**2 867**	3 158	2 494
Totale bates	**6 413**	6 433	5 872
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	**2 126**	2 193	2 335
Nie-bedryfslaste	**650**	614	591
Bedryfslaste	**3 637**	3 626	2 946
Totale ekwiteit en laste	**6 413**	6 433	5 872

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI	Ses maande geëindig 30 September 2014 Nagegaan R'm	Ses maande geëindig 30 September 2013 Nagegaan R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Kontantvloei (aangewend in)/gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**(18)**	(223)	436
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(228)**	(240)	(558)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(50)**	(141)	(171)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(296)**	(604)	(292)
Valuta-omrekeningseffek	**1**	1	1
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk	**(435)**	(144)	(144)
Kontant en kontantekwivalente aan einde van die tydperk	**(730)**	(747)	(435)

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENS(VERLIES)/-VERDIENSTE	Ses maande geëindig 30 September 2014 Nagegaan R'm	Ses maande geëindig 30 September 2013 Nagegaan R'm	Jaar geëindig 31 Maart 2014 Geoudit R'm
Netto (verlies)/wins toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(76)**	159	288
Aangesuiwer vir:			
- Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**8**	6	41
- (Wins)/verlies met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	**(2)**	–	15
- Wins met verkoop van beleggings	**–**	(89)	(82)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**–**	–	(5)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**–**	–	(2)
Wesens(verlies)/-verdienste	**(70)**	76	255
Aangesuiwer vir:			
- Besigheidsamevoeging-verwante koste	**–**	–	4
- Amortisasie van ontasbare bates	**5**	4	10
- Valutaverliese	**17**	20	14
- Billikewaarde-aansuiwering op verkoopaanspreeklikheid	**(3)**	–	(142)
- Kernverdienste-aansuiwerings van gesamentlike ondernemings	**–**	–	1
Kernwesens(verlies)/-verdienste	**(51)**	100	142

pwc

INDEPENDENT AUDITOR'S REVIEW REPORT ON INTERIM FINANCIAL STATEMENTS

To the Shareholders of Media24 Holdings (Pty) Ltd

Introduction

We have reviewed the accompanying condensed interim statement of financial position of Media24 Holdings (Pty) Ltd as of 30 September 2014 and the related condensed statements of comprehensive income, changes in equity and cash flows for the six-month period then ended and notes, comprising a summary of significant accounting policies and other explanatory notes. Management is responsible for the preparation and presentation of this condensed interim financial information in accordance with International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting, and the requirements of the Companies Act of South Africa. Our responsibility is to express a conclusion on this condensed interim financial information based on our review.

Scope of review

We conducted our review in accordance with International Standard on Review Engagements 2410, 'Review of interim financial information performed by the independent auditor of the entity' . A review of interim financial information consists of making inquiries, primarily of persons responsible for financial and accounting matters, and applying analytical and other review procedures. A review is substantially less in scope than an audit conducted in accordance with International Standards on Auditing and consequently does not enable us to obtain assurance that we would become aware of all significant matters that might be identified in an audit. Accordingly, we do not express an audit opinion.

Conclusion

Based on our review, nothing has come to our attention that causes us to believe that the accompanying condensed interim financial information is not prepared, in all material respects, in accordance with International Financial Reporting Standard, (IAS) 34 Interim Financial Reporting, and the requirements of the Companies Act of South Africa.

PricewaterhouseCoopers Inc.
Director: H Zeelie
Registered Auditor
Cape Town
25 November 2014